KORT SAMEVATTING VAN SINODEBESLUITE 2015

Dr. JH Howell (GK Die Kandelaar), dr. GJ Meijer (GK Oos-Moot) en ds. BC Smit (GK Pretoria-Meintjeskop) het op 3 Februarie 2015 tydens ’n inligtings- en toeligtingsaand ’n oorsig oor die besluite van die Algemeen Sinode 2015 gegee.

Hierdie is ’n skriftelik weergawe van die inligting wat daardie aand oorgedra is.

A. Bydrae van dr. GJ Meijer

Beskrywingspunte (Agenda 11.2; Agenda 11.3; Agenda 18.4)

Die eerste dae van die Sinode is in geheel in beslag geneem deur ’n lywige rapport van die Deputate Eenheid en Verskeidenheid. Dié Deputate het ’n omvangryke taak gehad, onder andere om al die beswaarskrifte wat by Sinode 2012 gedien het wat betrekking het op die vrou in die besondere dienste te behandel en die Sinode daaroor te adviseer. Die Deputate het ’n reeks aanbevelings gemaak en daarmee saam twee beskrywingspunte (voorstelle) laat dien wat die weg open om op ’n kerkregtelike basis ’n oplossing te soek vir die druk in die kerkverband. Die beskrywingspunte het via Streeksinode Pretoria op die tafel van die Sinode gekom. Die inhoud van beide beskrywingspunte is ook vervat in hulle rapport, wat later ter sprake kom.

Beskrywingspunt 1 – Moontlike spesiale sinodes

Die Sinode keur die volgende in verband met die rapport van die deputate goed:

- Dat spesiale Sinodes gehou word volgens besluit van ’n Algemene Sinode wanneer wesentlike sake met ’n ernstige verdelingspotensiaal nie met eenstemmigheid deur die Algemene Sinodes afgehandel/opgelos kon word nie om dan deur voortgaande studie en oorweging, die sake tot eenstemmigheid te bring en so af te handel of op te los.
- Streeksinodes wys afgevaardigdes vir hierdie moontlike Sinodes voor elke Algemene Sinode aan, naamlik vier predikante en vier ouderlinge sowel as die nodige sekundi.
- ’n Spesiale Sinode konstitueer die eerste keer onder leiding van die Voorsitter en Skriba van die vorige Algemene Sinode waarna die vergadering ’n eie Moderamen aanwys vir hantering van verwysde sake vanaf die Algemene Sinode.
- Spesiale Sinodes vergader so dikwels en so lank as wat dit nodig is vir die afhandeling van hulle opdrag en gee op gepaste manier aan lidmate, gemeentes en kerke waarmee ons ekumeniese bande het, geleentheid om voorleggings te maak met betrekking tot sake ter tafel.
- Spesiale Sinodes handel verwysde sake af sodra daar eenstemmigheid oor ’n saak/sake bereik is en stel die kerke daarvan in kennis.

- Spesiale Sinodes wys Deputate aan, om waar kerke wat besonderlik deur die besluite van die Spesiale Sinodes geraak word, indien so versoek, die besluite te gaan toelig.

Beskrywingspunt 2 – Spesiale Sinodes

Die Sinode keur in aansluiting by die eerste saak ook die volgende goed:

- Dat alle onafgehandelde en moontlike nuwe sake rakende die kwessie van vroue in die besondere dienste na ’n Spesiale Sinode verwys word. Die onafgehandelde sake is die Beswaarskrifte wat voor Sinode 2012 gedien het, asook die onbehandelde Kommissierapporte van Sinode 2012 daaroor.
- Die beswaarskrifte met betrekking tot die vroue in die besondere dienste wat voor Sinode 2015 dien, word ook na die Spesiale Sinode verwys.
- Die Spesiale Sinode word vir Julie 2015 opgeroep.

Beskrywingspunt oor ’n dokumentêre film oor die kerkgeskiedenis

Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal het die Sinode versoek om aandag te gee aan ’n hoë definisie film-opname van die kerkgeskiedenis. Die titel kan iets wees soos: *Die oorsprong van die Gereformeerde Kerke – ’n dokumentêr.* Daar is ’n behoefte aan ’n sigbare en hoorbare aanbieding van die kerkgeskiedenis. Die ontstaan van die verskillende belydenisskrifte moet aktueel vir die kind gemaak word.
Die sinode het besluit om nie aan die versoek gevolg te gee nie.

Publikasies (Agenda 23)

Die Deputate Gereformeerde Publikasies is verantwoordelik vir die uitgee van goeie Gereformeerde literatuur waardeur die lidmate in hulle geloof versterk en opgebou kan word. Die Deputate se werk word in drie reglemente beskryf, wat op die webblad van die GKSA (www.gksa.org.za) of die CJBF (www.cjbf.co.za) besigtig kan word, te wete die Totiusfonds (TF), Evangeliseringsmedia (EM) en die Calvyn Jubileumboekefonds (CJBF).

Totiusfonds - Psalmboeke

Die belangrikste taak wat die Deputate vanuit die Totiusfonds doen, is om te sorg dat daar voortdurend voorsien word in die vraag na Psalmboeke. Sedert 2003 is daar saam met die Totiusberyming van die Psalms ook ruimte geskep vir die uitgee van die Cloete-omdigtings (die sogenaamde groen Psalmboek). Nuwe Skrifberymings wat deur die Sinode goedgekeur is, word in in beide Psalmboeke opgeneem. Sinode 2015 het besluit dat daar ter wille van eenvormigheid van een stel nommers gebruik gemaak sal word. Die nommers soos wat dit tans in die groen Psalmboek verskyn, sal voortaan in alle Psalmboeke gebruik word. Goedgekeurde Skrifgetroue liedere word in ’n aparte

bundel gedruk. Die Deputate is verder verantwoordelik vir die druk en uitgee van die Koraalboek.

Daar word indringend aandag gegee aan die herdruk van die Psalmboek, veral aan die boeke wat tans uit druk is. Die wiele is aan die rol gesit om binne afsienbare tyd ’n volledige elektroniese Psalmboek beskikbaar te stel wat op selfone en ander elektroniese apparatuur afgelaai kan word. So ’n Psalmboek sal die notasie van die liedere asook die belydenisskrifte en formuliere bevat.

Evangeliseringsmedia

Die moontlikheid is en word ondersoek om evangeliseringsmateriaal in oudio-formaat beskikbaar te maak vir ’n “taxi-bediening”. Daar sal begin word met ’n projek in Setswana en wel in Mafikeng en Koster.

’n Kerk-plant handleiding, saamgestel onder leiding van dr. Flip Buys, is gekeur en is in die proses om gedruk en uitgegee te word.

Die “ou goud” van *Quo Vadis* is geskandeer en op die CJBF webblad beskikbaar. Dit is steeds sinvolle hulpmiddels vir ons evangeliseringswerk.

Verskeie skrywers, onder wie wyle prof. Paul de Bruyn, het kosbare stukkies geskryf wat sinvol gebruik kan word vir hospitaalbesoeke. Daar sal voortdurend gepoog word om nuwe stukkies te skryf.

Calvyn Jubileumboekefonds (CJBF)

Preekbundels
Daar is ’n voortdurende vraag na preekbundels, veral uit die nie-Afrikaanssprekende kerke. Twee bestaande Tswana preekbundels is geskandeer en omgeskakel na teks formaat.

Ds. Erik Kayayan se preekbundel – *Onder die Vaandel van die Kruis* – is in samewerking met *Foi et Vie Reformée* gedruk en uitgegee.

’n Eenvoudige handleiding (in Engels) vir ouderlinge wat preek om hulle te help met die maak van preke is ontvang van dr. Flip Buys en is tans in die keuringsproses.

Institusie maal drie
Die 1536-uitgawe van die Institusie, vertaal deur prof. HW Simpson, is geskandeer en omgeskakel na teksformaat waarna dit beskikbaar gemaak is in PDF formaat op die CJBF webblad. Die vier-volume Afrikaanse 1559-uitgawe van die Institusie van Calvyn

kan eweneens elektronies op die CJBF webblad bekom word. Die Verkorte Institusie deur ds. A. Duvenhage is ook op die webblad geplaas. Al drie weergawes van die Institusie is volledig geïndekseer sodat soektogte óf in Adobe Reader óf in ’n webleser gedoen kan word. Dit kan gratis afgelaai word.

Bybelstudie

Alle beskikbare boeke in die Soeklig-reeks Bybelstudiegidse is geskandeer, omgeskakel na teksformaat en op die CJBF webblad beskikbaar gestel en kan gratis afgelaai word. Die volgende is beskikbaar: Daniël, Obadja, Jona, Matteus en Kolossense.

Belydenisskrifte

’n Grootskaalse poging word aangewend om die belydenisskrifte in die Afrika-tale beskikbaar te stel. Die belydenisskrifte is reeds in Setswana en Sesotho vertaal, geskandeer en elektronies omgeskakel in Word formaat.

Die Rooi- en Blou Kategismusboekies, wat die Kategismus vereenvoudig saamvat, is in Engels vertaal. Die boekies is in sowel in Afrikaans as Engels elektronies op die CJBF webblad beskikbaar. Papier-kopieë word op aanvraag gedruk.

Kerkordeboekie

Die Kerkordeboekie is opgedateer met die nuutste formuliere en reglemente. ’n Woordverklaring is as bylae ingevoeg. Die boekie kan by die Administratiewe Buro aangeskaf word. Die volledige elektronies weergawe van die Kerkordeboekie is ook op die CJBF webblad beskikbaar. Daar word tans gewerk aan ’n vertaling van die Bylaes tot die Kerkorde in Engels en ’n standaard vertaling van die Kerkorde in ander Afrikatale.

Teologiese Skool en opleiding (Agenda 24)

Die Kuratorium van die TSP behartig die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die TSP verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente. Die Sinode het kennis geneem van verskeie rapporte van die Kuratore waarin verslag gelewer is oor die werk wat die afgelope drie jaar aan die Teologiese Skool Potchefstroom gedoen is.

Enkele sake uit die rapporte:

- Doktore HG Stoker (Etiek), SP van der Walt (Dogmatiek), DF Muller (Kerk- en Dogmageskiedenis), RS Hobyane (Grieks), FP Kruger (Praktiese Teologie) en IW Ferreira (Missiologie) is die afgelope drie jaar as professore beroep en bevestig.

- Vyf studente het gedurende 2012 afstudeer, vyf gedurende 2013 en vyf gedurende 2014. Vir die volgende jare lyk die getalle effens beter, met 13 eerstejaars, ses tweedejaars, 16 derdejaars, 11 vierdejaars, 13 vyfdejaars en ses sesdejaars (2014 getalle).
- Die implementering van die gewysigde Kandidaatstudie waarvan die Algemene Sinode 2012 alreeds kennis geneem het, is uitgestel, in afwagting op die finale registrasie van sommige NWU-kwalifikasies waarmee die Kandidaatstudie ooreenstem. Die verwagte datum vir implementering is 2016. Die wysiging behels dat die huidige 6 jaar studie weer verleng word tot ’n 7 jaar studie, soos in die verlede.
- Die Kuratore hou toesig oor die kwaliteit, regsinnigheid en toereikendheid van die Kandidaatsprogram. Dit word gedoen aan die hand van ’n Program-evaluering.
- Die laaste jare is daar baie werk ingesit om opleiding moontlik te maak vir studente wat nie in Potchefstroom kan studeer nie. Die Kuratore het ’n Maatskappy gestig met die naam van *Docenda*. *Docenda* is ’n voertuig wat die middele bied om die opleiding wat by die TSP aangebied word by wyse van witbordtegnologie op enige plek in die land en selfs ter wêreld aan studente te bied. Die betrokke studente sal steeds in hulle plaaslike gemeenskappe onder toesig van kuratore en kerke staan.
- Finansieel is dit vir die meeste teologiese studente ’n uitdaging om die ses jaar by die TSP te oorleef. Verskeie fondse maak voorsiening om die studente te ondersteun. Die Saaiers van die Woord Fonds is in die lewe geroep om ook ’n bydrae in hierdie opsig te lewer. Kapitaalkragtige lidmate dra tot die fonds by en dit begin reeds dividende ten gunste van die studente oplewer. Die fonds staan onder toesig van die kerke.
- Die GK Annlin het ’n beskrywingspunt aan die Sinode voorgelê waarin gevra word dat Mukhanyo Theological Ceminary se B.Th.- en Honneursgraad as geldig en voldoende erken word vir toelating tot die amp van predikant in die GKSA. Die Sinode het die versoek nie goedgekeur nie, aangesien die kursus-inhoud van MTC en die TSP te veel van mekaar verskil. Daar is gesprekke tussen die TSP en MTC aan die gang om die verskil aan te spreek en na verdere samewerking te soek.

Evangelisasie (Agenda 25)

Sinode 2012 het aan Deputate opdrag gee om aan die hand van die Sendingorde wat deur Sinode 1967 goedgekeur is, ’n geaktualiseerde Sendingorde voor te berei wat deur Sinode 2015 goedgekeur kan word.

Die Deputate wat hiervoor benoem is, het aan die Sinode gerapporteer dat sending in beginsel by die plaaslike kerk berus. ’n Databasis is deur hulle in die lewe geroep om koördinering van bestaande projekte te vergemaklik. Hulle het nie voortgegaan om ’n sendingorde op te stel nie en beveel aan dat geen sendingdeputate aangewys word nie.

Die sinode keur die optrede van die Deputate nie goed nie. Daar word weer Deputate aangewys om die oorspronklike opdrag uit te voer.

Beswaarskrifte (Agenda 12.3)

Beswaarskrif Gereformeerde Kerke Carletonville, Bet-el en Pretoria-Meintjeskop oor die besluit van Sinode 2009 – Vroue in besondere dienste

Die drie kerke maak beswaar teen die volgende aspekte van die besluit van Sinode 2009, naamlik:
"Die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, is nie op sigself 'n belydenissaak nie.
Om hierdie redes behoort besluitneming hieroor nie die eenheid van die kerke in gedrang te bring nie" (Acta 2009:664,666).
Die drie kerke se beswaar is dat die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, wél 'n belydenissaak is en daarom wél die eenheid van die kerke in gedrang bring.

Die Sinode oordeel dat die beswaarskrif nie ontvanklik is nie, omdat dit nie 'n besluit is waarteen die kerke beswaar maak nie, maar aspekte van 'n saak waarvan daar slegs kennis geneem is. Daar kan slegs teen besluite beswaar gemaak word (Artikel 46 KO).

Beswaarskrif dr. HF van Wyk teen 'n besluit van Sinode 2012 – Lied 348 "Stille nag, heilige nag"

Die grond vir dr. Van Wyk se beswaar is dat 'n sekere dag heilig verklaar word. Daar is geen Skrifgrond dat 'n dag of nag geheilig is nie. Daar kan volgens hom nie op eksegetiese gronde vasgestel word dat Jesus in die nag gebore is nie. Die geboortedag van Christus is die eerste trap van vernedering en kan daarom nie 'n heilige dag/nag tot eer van God wees nie. Hy versoek dat Lied 348 uit die liedereskat van die GKSA geskrap word.

Die Sinode het op grond van drie motiverings geen gehoor en gevolg gegee aan die beswaar van dr. Van Wyk nie:

- Daar is wel Skriftuurlike aanduiding dat die geboorte in die nag plaasgevind het (Luk. 2:8).
- Die dag en tyd van die geboorte is in God se raadsplan bepaal en is daarom deur God self aan sy diens gewy.
- Om die nag 'heilig' te noem, is 'n erkenning dat die Heilige God almagtig in beheer is van die uitvoering van sy raadsplan. Dit word juis gedoen om aan God die eer te gee.

Nuwe Appèlprosedure (Agenda 11.1)

In die verlede is appèlsake staande ’n meerdere vergadering aangehoor, behandel en afgehandel. Sinode 2012 het in beginsel ’n nuwe Appèlprosedure goedgekeur. Daarvolgens wys elke meerdere vergadering Appèldeputate aan wat appèlle hanteer en die vergadering daaroor adviseer. Sinode 2012 het aan Studiedeputate opdrag gee om die voorlopige prosedure te verfyn sodat dit deur Sinode 2015 goedgekeur kan word.

Die nuwe goedgekeurde Appèlprosedure is op die webblad van die GKSA beskikbaar. Daarvolgens kan enigiemand wat verontreg is deur die besluit van ’n mindere vergadering (Art 31 KO), hom/haar onmiddellik op die deputate van ’n meerdere vergadering beroep. Die betrokke deputate hoor die appellant en verweerder aan en is by magte om uitspraak te lewer.

Die voordeel van die nuwe prosedure is dat appèlle baie vinniger aandag kan kry. Daar kan ook baie intensiewer na appèlsake gekyk word, aangesien dit nie staande die meerdere vergadering afgehandel hoef te word nie. Bowendien ontvang Appèldeputate bevoegdheid om aanwysings te gee vir die pad van versoening en regsherstel.

Drie Appèlle en besluite daaroor (Aanvullende Agenda 12.2)

Appèl br HLJ Momberg

Br Momberg het teen Streeksinode Pretoria geappelleer. Hy voer drie appèlgronde aan, wat deur die Appèldeputate van die Algemene Sinode geweeg is. Die Deputate het bevind dat die appèl op geen een van die drie gronde slaag nie.
Die Sinode het dit so goedgekeur.

Appèl br J en sr M Kruger, br JJ Howell en prof. J Smit teen Streeksinode Randvaal

Die beginpunt van hierdie appèl lê by die GK Linden. Br en sr Kruger was/is lidmate van Linden en voer aan dat die GK Linden se bedieningspraktyke nie ooreenkom met die afsprake wat die kerke in die Kerkorde met mekaar op ooreengekom het nie. Die GK Linden maak ’n onderskeid tussen die letter en die bedoeling/gees van die Kerkorde. In hulle soeke na reg het die appellante hul na die klassis Groter Johannesburg en later na die Streeksinode Randvaal gewend. Oudl JJ Howell van die GK Randburg en prof. J Smit van die TSP het met die verloop van die proses as appellante bygekom.
Die Appèldeputate het die appellante gelyk gegee. Dit beteken dat hulle in hulle reg gekrenk is. Die Sinode het aan die Appèldeputate opdrag gee om saam met Deputate van die Streeksinode Randvaal in gesprek met die GK Linden en die appellante te tree sodat daar versoening kan kom.

Appèl ds. FM Dreyer teen Streeksinode Randvaal
Ds. Dreyer het op ander gronde teen dieselfde besluit van Streeksinode Randvaal as bogenoemde appellante geappelleer. Vanweë verskeie wesentlike, fundamentele gebreke in die appèlskrif, het die Deputate dit onontvanklik verklaar.

B. Bydrae van ds. BC Smit

Bybelmedia en vertaling (Agenda 14)

Sake ter sprake:
1. Bybel Direkte Vertaling in Fase 3 waar insette oor proefvertaling gemaak kan word. Meer kan uitgevind word by: www.bybeldirektevertaling.co.za en kommentaar op die teks kan gestuur word aan Marno Retief by: retief@biblesociety.co.za
2. isiZulu Bybel. Projekleier prof. Koos van Rooy. Fase 1 voltooi in 2014. Deputate is aangewys om die Bybel by voltooiing te evalueer vir kerklike gebruik.
3. Br. Hennie Dekker is steeds Skakeldeputaat vir GKSA en voltyds in diens van die Bybelgenootskap.
4. Die basis van fondsinsameling is die Borg 'n Bybel-Projek, waar elke lidmate aangemoedig word om 'n Bybel (R40,00) per jaar te borg. Reeds styging van 18% in eerste jaar na verandering van strategie.
5. Afgelope 3 jaar is 1 miljoen Bybels versprei.

Diakonale Sake (Agenda 15)

Beheer oor alle diakonale inrigtings in samewerking met plaaslike kerkrade.

Sake ter sprake:
1. Admin Buro het die finansiële administrasie van SDDS oorgeneem en bystand aan tehuise op die terrein geneem.
2. By Glenzicht Aftree-oord is daar steeds probleme met gelewerde munisipale rekeninge en die versorgingseenheid wat daar in bedryf was is gestaak, omdat die diensverskaffer nie die mas kon opkom.
3. 'n Mediese Bystandsfonds is daargestel vir die versorging van afgetrede werknemers van SDDS en Kinderhuise.
4. Fonds vir Noodtoestande wat onder die deputate ressorteer het aandag gegee aan verskillende noodsituasies wat ontstaan het a.g.v. veldbrande, droogte en haelstorms. Ook die nood van lidmate van die Sudanese Reformed Churches in Suid-Sudan is aangespreek deur fondse beskikbaar en addisionele gelde bygedra deur kerkverband.
5. Uit die Bystandsfonds kragtens Art 25 KO is 3 diakonieë bygestaan.

6. Die Akte van oprigting van die SDDS is aangepas om te voldoen aan die Maatskappywet van 2008.

Ekumenisiteit en Owerheid (Agenda 16)

Lywige Rapport of aantal rapporte dien (73pp). Die deputate ekumenisiteit het hulle werk verdeel in verskillende lessenaars.

Sake ter sprake:

1. Skakeling met die owerheid het plaasgevind deur die deputate oor verskillende sake waarin getuienis gelewer is via voorleggings en verklarings: Voorleggings i.s. pornografie, Christelike vakansiedae, Godslastering en misbruik van godsdiens deur politici, regstellende aksie, Marikana-geweld.
2. Deputate het ook getuienis gelewer dmv deelname aan onder meer: Ad Hoc-komitee oor grondbesit, skakeling met menseregtekommissie en Openbare Beskermer, gesprek met adj. president Motlanthe, met ANC, Raad vir Godsdiensregte en Vryhede, Instituut vir Openbare geregtigheid.
3. Daar was skakeling met die Sinode Soutpansberg hoewel verhoudinge gespanne bly.
4. Deputate Ekumenisiteit Binnelands: verhoudinge NGK en NHKA. Werksaamhede van die TKR duur voort met wysiginge in die Grondslag van die TKR nadat NGK in 2013 wou onttrek.
5. Die kontak en skakeling wat plaasvind deur die NGK se Parlementêre lessenaar duur voort op informele en ad hoc-basis.
6. Bilaterale gesprek met NHKA duur voort. Vanweë interne spanning in die kerk het min skakeling afgelope 3 jaar plaasgevind.
7. Bilaterale gesprek met NGK - memorandum van ooreenkoms met NGK is goedgekeur. Oor konkretisering van die eenheid op grond van die ooreenkoms is wyd gerapporteer in die pers. 5 Sake: Attes, doop, Nagmaal kanselruil en gesamentlike eredienste oorgelaat aan plaaslike kerkrade.
8. SA Raad van kerke. GKSA is nie lid, maar lewer deur deputate insette en getuienis.
9. Ander Afrikaanse Kerke: met APK in 2014 gesprek gevoer na vorige gesprek in 2008. Word gewerk aan uitbreiding van bande met die Rynse Kerk in SA en die Calvyn Protestantse kerk in SA. VGK – 5 kerke wat reeds in Mei 2013 gesamentlike verklaring onderteken het moet wag dat ordereëlings saamgestel word om plaaslike kontak en samewerking te orden.
10. <u>Met volgende kerke is daar ekumeniese eenheid:</u>
    Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, Nederlands Gereformeerde Kerken, Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt, Reformed Churches of Botswana, Eglisee Reformee Confessante au Congo, Reformed Church of East Africa, African Evangelical Presbyterian Churches, Sudanese Reformed Churches, Free Church of Scotland, Free Church of Scotland (continuing), Londenbediening, Christian

Reformed Churches of Australia, Presbyterian Church Australia, Presbyterian Church of Korea (Kosin), Reformed Church Japan, Protestantse Kerk van Smirna (Izmir), Presbyterian Churches in America, Christian Reformed Churches in North America, Orthodox Presbyterian Church in America.

11. Met die volgende kerke is daar ekumeniese bande: United Reformed Church Congo, International Presbyterian Church, United Reformed Churches of America, Iglesia National Presbiteriana de Mexico.
12. Met die volgende kerke is daar ekumeniese kontak: Protestantse Kerk in Nederland, Evangelical Presbyterian Church Malawi, Ivoorkus, Ruanda, Reformed Presbyterian Church in Africa, The Evangelical Presbyterian Church of England and Wales, Gereformeerde Evangeliese kerk in Australië, Igreja Presbiteriana de Angola, Igreja Presbiteriana do Brasil, Independent Reformed Churches in Korea, Sri Lanka, Indonesië, Indië, Reformed Church of US, Heritage Reformed Church.
13. Lidmaatskap van Ekumeniese Liggame: International Conference of Reformed Churches, World Reformed Fellowship.
14. Waarnemerstatus by World Communion of Reformed Churches, AEA en TEASA en TEA.

Historiese Sake (Agenda 18)

Rapport is gelewer oor werking van die kerkargief, kerkmuseum, kommer bestaan steeds oor die befondsing en administrasie van die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum,

Liturgies (Agenda 22)

Drie nuwe Skrifberymings (Lied 593 oor Rom. 8: 18 – 25, Rom. 14: 7-8 en Deut. 32) is goedgekeur.
Een belydenislied Sondag 2 en 3 is goedgekeur
Van die 34 Skrifgetroue Liedere is 33 goedgekeur vir gebruik in die eredienste van die GKSA. Met uitsondering van 4 liedere gedig deur Ds. JP Bingle, was al die ander uit die Liedboek van die NGK voorgelê.
'n Beswaarskrif van ds. PA Coetzee en dr. HF van Wyk teen besluit van Sinode 2012 oor Lied 353 slaag en die lied is nie langer geskik om deel te wees van die liedereskat van die GKSA nie.
'n Tussentydse bundel met goedgekeurde liedere is uitgegee teen R 20-00 per eksemplaar.
Daar is besluit dat 'n eenvormige wyse van nommering in die swart en Groen Psalmboek geïmplementeer sal word.
Werk aan die voltooiing en publisering van liedboeke in ander tale duur voort.

Beswaarskrifte (Agenda 12)

22.3 Reeds aandag aan gegee onder liturgiese sake. ’n Beswaarskrif van ds. PA Coetzee en dr. HF van Wyk teen besluit van Sinode 2012 oor Lied 353 slaag en die lied is nie langer geskik om deel te wees van die liedereskat van die GKSA nie.
22.8 Beswaarskrif Streeksinode Pretoria – Riglyne vir die beoordeling van Psalms en Skrifberymings slaag nie.

Beskrywingspunte (Agenda 18)

20.4 Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria: Aanvulling van die KO Art. 31. Dat in wesentlike sake besluite geneem moet word met eenstemmigheid. Daar word nie aan die beskrywingspunt gevolg gegee nie.

20.5 Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria: Riglyne vir onderskeid wesentlike en nie-wesentlike sake. Soos die vorige beskrywingspunt spruit ook hierdie voort uit die Rapport Deputate eenheid en verskeidenheid. Aan die beskrywingspunt wat berus op deeglike eksegetiese gronde word gevolg gegee.

20.6 Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria oor onderlinge korrespondensie tussen kerke van die GKSA. Aan die beskrywingspunt word nie gevolg gegee nie.

20.7 Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria teen wysiging KO Art. 69. In aanvullende agenda verkeerdelik aangedui as beskrywingspunt. Dit was wel beswaarskrif teen verander Art. 69 KO. Die beswaar het nie geslaag.

Kerkgroei/Omkeerstrategie (Agenda 27)

Dit is ’n lywige rapport van amper 50 pp in die agenda. Die verslag verwys o.a. na:

1. Die wortels van die Deputate Omkeerstrategie se werk in die 1997 Rapport oor Dalende Lidmaattalle.
2. Die hart van ’n omkeerstrategie wat lê in bekering. In die deel van die rapport word gewaarsku teen die gevaar van apostolaatsteologie, “maar omdat die GKSA in haar kerkwees hierdie aspek (om missionale kerk te wees) ernstig verwaarloos, word die klem hierop geplaas.” ’n Lys van sake waarvan die kerk haar moet bekeer word ook weergegee, o.a. godskennis, kerkbeskouing, verbondsoutomatisme, gebrek aan missionêre gerigtheid, ampsdraerkerke en Postmoderne relativisme.
3. Die bekering moet dan plaasvind sodat die kerke die Missio Dei kan nakom.
4. Kerke word daarom opgeroep om:
   - ’n spesiale feesdag te reël met die oog op lof en verootmoediging,

- Streeksaamtrekke van predikante in opvolg te reël om saam te besin oor leiding aan gemeentes.
- Die byeenkomste deur predikante word opgevolg met streeksbyeenkomste waar kerke saam besin oor die omkeerstategie.
- Klassisse en kerkrade word aanbeveel om ŉ staande punt op die agenda te plaas oor missionale bediening.
- Deputate Kerkgroeibediening moet saam met klassisse ŉ omkeerplan ontwikkel om gemeentes wat finansieel swaarkry te help.

5. Rapport word ook uitvoerig gelewer oor studieopdragte wat die deputate gehad het.
6. Die deputate se voorgestelde Omkeerstrategie is goedgekeur met die wysiging dat "Alles tot God se eer" op die grafiese voorstelling aangebring word, bokant die Missio Dei.
7. ŉ Bedieningshandleiding vir predikante word deur die deputate saamgestel.
8. Die voorgestelde strategie van die deputate sluit ook die totstandkoming in van ŉ Sentrum vir Bedieningstoerusting en Begeleiding (SBTB).

C. Bydrae van dr. JH Howell

Admininstratiewe Buro (Agenda 13)

- Daar bestaan kommer oor agterstallige ramingskuld wat vanaf 2009 toegeneem het van R 11.9 M na R 13.7 M – 'n toename van 15%.
- Die Admin. Buro doen moeite om verseker dat hulle ook aan alle wetlike vereistes voldoen, soos bv. aan die sg. "King 4" verslag wat 'n wetlike vereiste is.
- Skommeling in die bestuur – ds. Leo van Schaik emeriteer. Sy take word gedeeltelik oorgeneem deur ds. Willem Vogel.
- Die Admin. Buro sien homself as 'n dienssentrum vir die kerke.
- Die Buro gaan poog om baie meer moeite te doen om ons kerke se webbladsy uit te brei en te verbeter. Ouderling Jaco Boersema van GK Die Kandelaar gaan ook daarby betrek word.

Jeug en Onderwys (Agenda 19)

- As voorsitter van hierdie deputaatgroep vir die volgende sinode, is ds. Hannes Noëth (van GK Totiusdal en die hoof van GSDP) aangewys.
- Katkisasie – verskeie katkisasiehandleidings is in Engels vertaal; sekere jaargroepe se lesse is reeds in multimedia formaat beskikbaar; 'n handleiding vir katkisante met spesiale behoeftes is ook daargestel en kan by die deputate verkry word; die ontwikkeling van handleidings vir katkisante met gesiggestremdheid word ook tans ondersoek.
- Webblad (is 'n skakel op die GKSA se webblad) – daar is heelwat inligting beskikbaar oor 'n wye reeks onderwyssake; daar word ook 'n databasis gehou van

Gereformeerde onderwysers; kerkrade word opgeroep om lidmate aan te moedig om hulself verkiesbaar te stel op beheerrade van (staat)skole; kerkrade word ook opgeroep om jongmense aan te moedig om hul as onderwysers te bekwaam.

- In hierdie rapport is ook ‘n oorsig gegee oor die ontwikkelinge binne die onderwys in SA; die mooi werk wat AROS of dan nou ARSO doen t.o.v. kurrikulumontwikkeling is onder die aandag gebring; die werk t.o.v. gereformeerde onderwys wat tans in Namibië gedoen word deur o.a. ‘n oud-gereformeerde predikant, Niel Prinsloo, is ook vermeld; bande word steeds behou met die NWU Potchefstroom-kampus deur o.a. op ‘n gereelde basis met die kampusrektor te vergader in die lig van die besondere band wat die GKSA met die NWU het; daar is ook verslag gedoen oor die skakeling met skole wat onafhanklik van die staatskole funksioneer en oor sekere instansies wat betrokke is by tuisonderwys.
- Die deputate jeugsorg het o.a. verslag gedoen oor die sogenaamde Gee-jaar, wat in die toekoms op ‘n ander wyse as in die verlede sal voortgaan; oor die uitgee van die tydskrif Kruispad (waarop daar ook digitaal ingeteken kan word); ook oor kampe soos die jaarlikse Riviertoer en Skolieskampe en uitreike, asook oor werk gedoen tydens Aardklop en die KKNK; hulle plaas ook Bybelstudies en toerusting op die webblad, wat beskikbaar is vir almal.

Emeritaatsversorging (Agenda 17)

- Hierdie fonds is veral belangrik vir predikante en hul weduwees van voor 1994. Daarna het die sg. Predikante Pensioenfonds oorgeneem. Die Emeritaatsfonds is dan ook tans die fonds waarvoor die grootste deel van ons ramings gaan, aangesien daar nie in die verlede soveel aandag hieraan gegee is nie en die fonds steeds erg onderbefonds is om al sy uiteindelike verpligtinge te kan nakom.
- Tydens Sinode 2012 is daar ‘n verdere fonds gestig, nl. die Thuso-fonds, waardeur predikante wat emeriteer het vanuit die swart kerke, asook hulle weduwees en wese, versorg word.

Beswaarskrif (Agenda 12.3)

Beswaarskrif van die GK Pinetown teen die besluit van Sinode 2012 rakende die prosedure vir KO art. 8-aansoeke

- Hierdie beswaarskrif was eintlik meer ‘n beskrywingspunt wat ‘n voorgestelde werkswyse op die tafel wou stel waarvolgens iemand wat op grond van KO art. 8 aansoek doen om tot die bediening toegelaat te word, hanteer behoort te word. KO art. 8 handel oor aansoeke van persone wat nie op die normale wyse, deur die formele studie te ondergaan, tot die bediening toegelaat word nie. Dit gaan m.a.w. oor persone met buitengewone gawes en geld gewoonlik ook in buitengewone omstandighede.
- Die Beswaarskrif slaag in geheel, maar tog word daar *nie* gevolg gegee aan die versoek van GK Pinetown dat hul voorgestelde Prosedure aanvaar word nie

(aangesien sake wat op ‘n mindere vergadering afgehandel kan word daar afgehandel moet word – KO art. 30). Tog word die voorgestelde Prosedure na die Kuratore verwys om, in ooreenstemming met die Kerkorde en Sinodebesluite, as riglyn aan die kerke deur te gee. Op hierdie wyse gaan die goeie stuk studiewerk wat t.o.v. KO art. 8 gedoen is, nie verlore vir die kerke nie.

Beswaarskrif Streeksinode Pretoria: Riglyne vir die beoordeling van Psalms- en Skrifberymings

- Hierdie beswaarskrif betoog dat daar ‘n bepaalde punt binne die Riglyne vir die beoordeling van Psalms- en Skrifberyming is (sodanige stel riglyne vir beoordeling is op ‘n vorige Sinode vasgestel) wat kan lei tot ‘n weerspreking van die hoofsaak, naamlik dat “die beryming daarop gerig moet wees om God se openbaring in sy Woord te vergestalt”. Dit kan volgens die beswaardes lei tot verwarring en tot ‘n subjektiewe en willekeurige weglating van bepaalde Skrifgegewens. Die kommissie wat hieroor moes terugrapporteer, redeneer egter dat die bykomende punt juis help dat daar orde gestel word op dit wat nie weglaatbaar is nie.
- Die beswaarskrif slaag nie.

Beskrywingspunt (Agenda 12.4)

Beskrywingspunt Streeksinode Bosveld: ‘n Beryming van die lied van Moses (Deut. 32:1-43)

- Hierdie beskrywingspunt wou verseker dat die berymde lied van Moses deur die Deputate Liturgiese Sake beoordeel word vir goedkeuring en gebruik in die kerke.
- Die beskrywingspunt is aan gevolg gegee en op aanbeveling van die deputate is besluit dat hierdie lied gesing *kan* word in die eredienste binne die GKSA. Plaaslike kerke besluit self noodwendig self of hulle dit wel sal sing tydens hul eredienste.

Beskrywingspunt Suidelike Streeksinode oor die tekort aan gespesialiseerde bediening in kerke met ‘n bedieningsnood

- Hierdie beskrywingspunt versoek dat ‘n kommissie aangewys word om staande die sinode die bediening in kerke met bedieningsnood te ondersoek, te rapporteer en ‘n aanbeveling te maak.
- Daar is gevolg gegee aan die beskrywingspunt. Die finale rapport het gestel dat ouderlinge ‘n behoefte het aan opleiding en toerusting; dat dit nie moontlik is om sodanige ondersoek tydens ‘n sinode te begin en af te handel nie; dat hierdie saak volgens KO art. 41 en 44 tuishoort op die tafel van elke klassis.

Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria: Godslastering

- Hierdie beskrywingspunt versoek dat die GKSA hulle ernstig uitspreek teen die voortgesette lastering en ydellike gebruik van die Naam van die Here tydens televisie-uitsendings.

- Daar is gevolg gegee aan die beskrywingspunt. Daar sal by die nodige owerhede beswaar gemaak word. ‘n Getuienisdokument word ook deur die deputate in Engels opgestel wat beskikbaar gestel word om te stuur aan vervaardigers waar lastering voorkom.

Beskrywingspunt Streeksinode Noordwes oor eiendomsreg in Suid-Afrika

- Hierdie beskrywingspunt wil ‘n kerklike getuienis lewer oor die beginsels wat ter sprake is by die proses van grondhervorming.
- Daar word aan die beskrywingspunt gevolg gegee. Dit word na die deputate owerheid verwys om dit met die owerheid op te neem en om ook oor hierdie kerklike getuienis in die pers te rapporteer.

Rapport van die deputate Eenheid in Verskeidenheid (Agenda 21)

- Hierdie rapport word in sy geheel, met enkele wysigings, goedgekeur. Die deputate het die opdrag ontvang om ondersoek in te stel na die grondliggende redes oor waarom daar, ondanks besluite wat die kerke gesamentlik geneem het, steeds verskille in standpunte en praktyke binne die GKSA bestaan oor sake waaroor daar reeds besluit is. Hulle moes ook die beswaarskrifte rakende die vrou in die amp nagaan en die sinode adviseer oor sake soos: Hoe die eenheid en verskeidenheid ons missionêre roeping kan dien; Wanneer gaan vryheid in verskeidenheid oor in ongehoorsaamheid aan die Woord; wanneer kom die gemeenakkoord in gedrang; wanneer plaas kerklike besluite ‘n las op mense se gewetens (NGB art. 32).

Die volgende sake van belang is uitgewys:

- A. Daar bestaan onder die kerke binne die GKSA verskille in Skrifbeskouing/Skrifgesag en Skrifverklaring/Skrifhantering; daar bestaan ‘n gebrek aan onderskeid tussen middelmatige en wesentlike sake; daar bestan ‘n verskil in mening oor die verstaan van die gesag van Sinodebesluite; daar bestaan verskil van mening oor die toepassing van die Kerkorde; daar is ook verskillende sienings oor die verstaan van kerke se selfstandigheid en interafhanklikheid.
- B. Die sake wat as opdrag deur Sinode 2012 na die deputate verwys is, word vervolgens in die rapport behandel en met aanbevelings aangespreek.
- C. Daarna word in die rapport die bevindinge weergegee van ‘n studie oor die onderskeid tussen wesentlike en sogenaamde nie-wesentlike sake (daar is ‘n poging om weg te bly van die woord “middelmatige” sake). Romeine 14:1-15:13 word as basis van die studie gebruik, op grond waarvan daar bepaalde aanbevelings gemaak word.
- D. Op grond van hierdie studie oor wesentlike en nie-wesentlike sake word besluit dat waar die sinode sou oordeel dat ‘n saak wesentlik is en ernstige verdelingspotensiaal het en dat die Algemene Sinode nie in die verlede

eenstemmigheid daaroor kon bereik nie, dat die saak verwys word na ‘n spesiale sinode om deur voortgaande studie en oorweging die saak tot eenstemmigheid te bring en af te handel of op te los.

- E. Vervolgens is daar besluit dat die vraag oor die vrou in die besondere dienste wel ‘n wesentlike saak is (op grond van die kriteria genoem in D hierbo) en verwys word na ‘n spesiale sinode. Al die onafgehandelde beswaarskrifte van vorige sinodes, asook die beswaarskrifte wat op Sinode 2015 gedien het oor die vrou en die ampte, word ook na hierdie sinode verwys vir afhandeling.
- Sodanige spesiale sinode moet opgeroep word vir Julie 2015. Na hierdie vergadering word 4 predikante en 4 ouderlinge van elke Streeksinode afgevaardig.